NHSV Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

OMSENDBRIEF 1/ 2019

AAN ALLE VROUELIDMATE

1 April 2019

Liewe NHSV Dames

Die begin van 'n nuwe jaar is vir baie amper soos die geleentheid om 'n nuwe lewe te begin. 'n Nuwe jaar is soos 'n skoon bladsy in 'n ou boek of dikwels sommer 'n heel nuwe boek waarin daar mooi voornemens is om die bladsye mee in te vul. Dit is ook asof die nuwe jaar ons aanmoedig om dit wat agter is agter te los en oor te begin. Ons tel die minute en sekondes van die ou jaar af en kondig met groot jolyt en opgewondenheid die nuwe begin aan. Dit is emosioneel vernuwend! En miskien is dit ook die rede waarom ons met nuwe krag en entoesiasme 'n nuwe jaar aanpak. Nie omdat ons ewe skielik soveel meer krag en energie bygekry het nie, maar bloot omdat ons voel ons kan dit wat in 2018 gebeur het agter ons los en oor begin.

In aansluiting hierby, is ons tema vir 2019 dan ook: "… Ek wil hê dat julle HOOP vir die toekoms moet hê" (Jer 29: 11 NLV) God belowe dus hoop vir ons lewens! Meer nog, Hy seën ons sodat ons weer tot seën kan gaan wees omdat ons HOOPVOL lewe.

Ons vra u aandag vir die volgende sake:

1. VERKIESING VAN VISETESOURIER

As gevolg van gesondheidsprobleme, het mev. Gerda van der Merwe, ons vorige vise-tesourier, bedank. Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om mev. Van der Merwe te bedank vir haar positiewe gesindheid en bydraes as dagbestuurslid. Ons bid die Here se seën toe met haar herstelproses. Ds Janine Bevolo-Manders is tydens die NHSV Hoofbestuursvergadering in haar plek verkies. Baie dankie vir die bereidwilligheid en sterkte ook vir die werksaamhede.

2. NHSV WEBBLAD

Die NHSV spog met 'n splinternuwe webblad met 'n vars aanslag. Ons nooi graag elke NHSV lid om te kom inloer wat hier alles aangebied word. Op die webblad is ook 'n skakel waar u kan ingaan om die **VROUEFLITSE** te lees wat elke kwartaal verskyn. Die laaste Vroueflitse bevat dan ook baie interessante artikels omtrent die ondersteuning van predikante en emeriti in u gemeentes. Takvoorsitters kan gerus u lede se epos adresse aan die NHSV kantoor stuur en dan kan hierdie Vroueflitse kwartaalliks aan u lede gestuur word.

Die laaste gedrukte uitgawe van die Konteks (en daarmee saam ook die Christelike Vrou) het aan die begin van Maart 2019 verskyn. Hierna sal die Christelike Vrou elektronies op ons webblad beskikbaar wees. Hierdie "nuwe" *Christelike Vrou* bied 'n verskeidenheid interessante en aktuele leesstof, en selfs video-flitse, waarby elkeen van ons pitkos sal vind.

Gaan kyk gerus by www.nhsv.org.za .

3. VOORUITSKOUING

Hierby aangeheg die vooruitskouing vir 2019 deur mev. Mari-lizé Beukes, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur. Dit bevat onder andere die interpretasie van Ordinansie 4.11 van die Kerkorde wat handel oor die NHSV.

4. BESTUURSLEDE/KERNKOMITEE IN U GEMEENTE

Die NHSV Hoofbestuur sal dit opreg waardeer indien u die besonderhede en kontaknommers van u bestuurslede/kernkomitee so gou moontlik na afloop van u bestuursverkiesing aan die NHSV kantoor kan deurstuur. Dit vergemaklik die kontak en versending van posstukke na die korrekte persoon en portefeulje. Gebruik asseblief die aangehegte vorm vir hierdie doel. U kan dit faks na 086 274 0466 of e-pos na admin@nhsv.org.za. Alle omsendbriewe en korrespondensie word elektronies vanuit die kantoor versend.

5. FINANSIES

5.1 OUDITERING VAN BOEKE

Die NHSV Hoofbestuur doen weereens ‘n beroep op takke om hulle boeke deur Interne Oudit te laat nasien, aangesien die NHSV en Raad van Finansies ‘n groot deel van takke se ouditkoste borg, ouditkoste relatief bekostigbaar is en daar beter kontrole is. Dit dra daartoe by dat ons Hoofbestuursverslag teen die jaareinde meer akkuraat is, aangesien ons ‘n beter beeld het van die bedrae geld wat deur takke bygedra was vir barmhartigheid.

Kontak asseblief die Interne oudit afdeling vir enige navrae:
Landlyn: 012 322 8885
Adres: NH Kerkkantoor, Swaanstraat 129, East Lynn, Pretoria 0186

5.2 VERPLIGTE UITBETALINGS: MEI 2019

Takke word daaraan herinner dat tydens die uitbetalings vir 2019, die volgende as riglyn gebruik kan word:

- Bejaardesorg- en Inrigtingsfonds is R1,00 per fonds per belydende lidmaat per jaar
- Hoofbestuur (Administrasiefooi): minstens R350
- Borgfonds vir Monumenttehuise: R300

Die Borgfonds is ‘n fonds wat by elke tehuis gehou word om inwoners te help wat nie hul eie huurgeld vir inwoning ten volle kan betaal nie. Uit hierdie fonds word inwoners gehelp indien hulle nie die volle bedrag kan bybring nie of nie kinders het wat kan help nie. Daar is wel takke wat meer betaal. Ontvang hiermee ook ons opregte dank daarvoor.

Gebruik asseblief die **nuutste betaalstaat** wat as **bylaag** aangeheg is.
Indien u ‘n elektroniese oorbetaling doen, of direk inbetaal, faks of epos asseblief die betaalstaat, asook die depositostrokie aan die NHSV Hoofbestuur.
(finansies@nhsv.org.za) Tesouriere moet asseblief ook hulle name en selfoonnommers op die betaalstaat aanbring.

5.3 VERDERE BARMHARTIGHEIDSUITBETALINGS: AUGUSTUS 2019

Onderverdeling as volg:

- Monumenttehuise (Indien u geen spesifieke tehuis spesifiseer nie, sal die NHSV Hoofbestuur die toedeling van fondse doen by die tehuise na gelang van behoefte.)
- Bejaardesorg (Word aangewend vir Bejaardesorg Nasionaal)
- NHSV Beurs- en leningsfonds
- Armoedeverligting
- Christelike Vrou

5.4 NHSV BEURSE EN LENINGS

Die NHSV ken jaarliks Beurse en Lenings toe aan Hervormde studente vir tersiêre studies in enige rigting. Die tweede Sondag in Februarie se deurkollektes word geoormerk vir hierdie verdienstelike saak. Die NHSV Hoofbestuur wil graag elke lidmaat, gemeente en NHSV tak opreg bedank vir elke bydrae, hoe gering ook al, wat reeds oorbetaal is aan die Hoofbestuur. Gemeentes se ruim bydraes het weereens tot gevolg gehad dat daar hierdie jaar aan 65 studente ‘n bedrag van R606 000 toegestaan kon word.

6. ONDERSTEUNING AAN PREDIKANTSPARE/ NHSV VOORSITTERS/ EMERITI

Die Hoofbestuur wil graag vra dat daar moeite gedoen sal word om op kreatiewe wyse uit te reik na predikantspare en emeriti predikantspare in gemeentes. Die eise wat aan hierdie persone gestel word, raak groter en in baie gevalle moet ekstra planne gemaak word om finansieel in die gemeente en op persoonlike vlak te kan oorleef. Terselfdertyd dra hulle ook die belange van elke lidmaat en die vooruitgang van hulle gemeentes op die hart.

Baie dankie aan vrouelidmate wat reeds uitreik en ons predikantspare/ emeriti bystaan en bemoedig. In baie gevalle is slegs ‘n oproep, ‘n besoek of gebed, ‘n bedagsame, helpende hand al wat hulle nodig het om self weer moedig hul taak te verrig.

7. NHSV KANTOOR

Let asseblief daarop dat die NHSV kantoor se epos-adresse verander het:

Rozelda Nel: admin@nhsv.org.za
Jeanette Fourie: finansies@nhsv.org.za

Die vorige epos adresse is buite werking.

8. NHSV AANDENKINGS- EN BEMARKINGSMATERIAAL

Vind asseblief aangeheg die nuutste pryslys vir NHSV aandenkings- en bemarkings-materiaal. Daar sal voortaan van alternatiewe dienste buiten die Poskantoor gebruik gemaak word. ’n Vaste fooi van **R99** word op alle pakkies gehef. Kontak gerus die NHSV kantoor indien u enige navrae het.

9. STREEKBYEENKOMSTE 2019

Alle vrouelidmate word vriendelik uitgenooi na ons streekbyeenkomste. U sal hieroor binnekort inligting ontvang vanaf die streekvoorsitters. Soos in die verlede blyk dit weereens verrykende byeenkomste te wees. Bring u familie, vriendinne of kollegas saam en kom raak begeester om saam met ons die tema vir 2019: "**Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê" Jer 29: 11b (NLV)** 'n werklikheid in ons lewens te maak. Daar gaan weereens ook dinamiese sprekers wees om hierdie oggend in te kleur en die moeite werd te maak.

DATUM	STREEK	PLEK	DAGBESTUUR
25 Mei	Oos-Kaap	Port Elizabeth	Wilna
7 – 8 Junie	Swellendam	Swellendam/Bredasdorp	Wilna
7 - 8 Junie	Dorsland	Windhoek	Sanet
13 Julie	Oos-Transvaal	Nelspruit	Ronél
3 Augustus	Oos-Rand	Germiston	Karin
17 Augustus	Hoëveld	Delmas	Karin
17 Augustus	Natal	Pietermaritzburg	Rozelda &Jeanette
17 Augustus	N Pretoria / Pretoria	Rooihuiskraal	Janine
17 Augustus	Noord-Transvaal	Welgelegen Pietersburg	Sanet
17 Augustus	Noordwes	Stilfontein-Wes	Wilna
17 Augustus	Rustenburg	Brits	Ronél
24 Augustus	Bloemfontein	Goudveld	Ronel
24 Augustus	Wes-Kaap	Strand	Karin
7 September	Noord-Kaap	Kuruman	Karin/ Mari-Lize
7 September	Vaalrivier	Vanderbijlpark-Suid	Sanet
12 Oktober	Wes-Rand	Culembeeck	Mari-lizé

Ons bid vir u elkeen seën toe in die werk wat u doen. Kom ons leef in 2019 HOOPVOL. Moenie 2019 uitgaan dieselfde mens as wat jy 2018 uitgegaan het nie. God staan gereed om jou te seën en jou 'n seën vir ander te maak. Raak betrokke, maak 'n positiewe verskil en maak hierdie jou BESTE jaar ooit!

NHSV Groete

(get) WILNA KOEKEMOER
SEKRETARIS
NHSV HOOFBESTUUR